JUNIE EKSAMEN (17 MEI – 14 JUNIE 2019)

- Alle leerders het reeds hulle eksamenroosters ontvang. Dit is elke leerder se eie verantwoordelikheid om die eksamenrooster deeglik te raadpleeg rakende die dae en sessie wanneer hulle die eksamen aflê. **GEEN TOEGEWINGS OM OP 'N ANDER DAG OF 'N ANDER TYD 'N BETROKKE VRAESTEL TE SKRYF, SAL TOEGELAAT WORD NIE.**
- Ons skryf saam met talle ander skole departementele vraestelle wat deur die distrik versprei word en ons kan GEEN toegewings maak nie. Die skool word daagliks deur departementele amptenare gemoniteer om te verseker dat daar by alle eksamenreëls en -regulasies gehou word.
- Waar 'n leerder sy rooster verkeerdelik interpreteer, meer as 'n uur laat is of glad nie vir 'n betrokke vraestel opdaag nie, sal hy/sy vir dié betrokke vraestel nul kry.
- Leerders moet stiptelik by die aantreetye hou.
- Departementele beleid bepaal dat geen leerders (gr. 8-12) van die skool toestemming mag ontvang om tuis te studeer nie. Leerders moet dus elke dag by die skool wees.
- In geval van baie ernstige siekte word slegs doktersertifikate om vir 'n siekte-eksamen te kwalifiseer, aanvaar. Siektetoestande moet duidelik deur die geneesheer omskryf word. 'n Doktersertifikaat moet binne 3 dae by die akademiese adjunkhoof, mev. W, Swanepoel, ingehandig word. Alle siekte-eksamens moet voor 14 Junie afgehandel wees.
- Departementele beleid bepaal dat 'n leerder glad nie 'n selfoon of 'n tas (skoolsak) in 'n eksamenlokaal mag hê nie. Leerders is dus verantwoordelik vir die veilige bewaring van hulle selfone en tasse/sakke en die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese nie. Ons beveel sterk aan dat selfone tuis gelaat moet word. As 'n leerder se selfoon lui of as hy/sy in besit van 'n selfoon betrap word, sal hy/sy voor 'n interne eksamentugkomitee verskyn. Hy/sy sal van eksamenongeruimd-heid aangekla word. Sodanige leerders gaan nul vir die betrokke vraestel kry.
- Departementele beleid bepaal dat 'n leerder niks mag eet/drink/kou tydens 'n eksamensessie nie.
- TYE: GR. 10-12

Aantree, opening	07:20
Sessie 1	08:00 – 12:00
Pouse	12:00 – 12:30
Sessie 2 (Aantree)	12:30
Sessie 2	12:45 – 16:30

- TYE: GR. 8-9

Aantree en opening	07:20
Studie	08:00 – 09:05
Pouse	09:05 – 09:35
Aantree by studielokaal	09:35
Eksamensessie	10:00 – 12:00

- Gr. 8 en 9
  Sorg asseblief dat leerders elke dag by die skool is. Indien 'n leerder nie om 08:00 in die eksamenlokaal teenwoordig is nie, sal hy/sy nie toegelaat word om die vraestel om 09:35 af te lê nie. Leerders moet dus vanaf 07:20 – 12:00 by die skool wees.

1.1 JUNE EXAM (17 MAY - 14 JUNE 2019)

- All learners have already received their exam time tables. It is each learner's own responsibility to thoroughly consult the exam time table regarding the days and sessions on which they are writing the exam. **NO EXCEPTIONS WILL BE ALLOWED IN ORDER TO WRITE A PARTICULAR PAPER ON ANOTHER DAY OR AT ANOTHER TIME**.
- We are writing departmental papers that are circulated by the district with many other schools and we CANNOT make any accommodations. The school is monitored daily by departmental officials in order to insure that all examination rules and regulations are abided by.
- Where a learner interprets his/her time table incorrectly or is not present for a particular paper, he/she will receive a zero for that particular paper.
- Learners have to be punctual regarding assembly times.
- Departmental policy stipulates that learners Gr.8-12 may under no circumstances receiver permission from the school to study at home. Learners should therefore be at school every day.
- Only doctor's certificates will be accepted in case of serious illness in order to qualify for a sick examination. Illnesses should be clearly described by the physician. A doctor's certificate should be handed in at the Academic Deputy Principal, Mrs W. Swanepoel, within 3 days. All sick examinations should be written before 14 June.
- <u>Departmental policy states that a learner may not have a cellphone or a suitcase/bag in the examination venue</u>. Learners themselves are therefore responsible for the safekeeping of their cellphones and suitcases/bags. The school cannot be held responsible for any losses. We strongly recommend that cellphones be left at home. If a learner's cellphone rings or he/she is in possession of a cellphone during an examination session, he/she will appear in front of an internal disciplinary committee. He/she will be guilty of an examination irregularity. These learners will receive zero for those exam papers.
- Departmental policy determines that a leaner may not eat/drink/chew during an examination session.
- <u>TIMES: GR. 10-12:</u>

Assembly, opening	07:20
Session 1	08:00 – 12:00
Break	12:00 – 12:30
Session 2 (Assemble)	12:30
Session 2	12:45 – 16:30

- <u>TIMES: GR. 8-9:</u>

Assembly and opening	07:20
Study	08:00 – 09:05
Break	09:05 – 09:35
Assemble at study room	09:35
Examination session	10:00 – 12:00

- <u>Gr. 8 and 9</u>
  Please make sure that learners are at school every day. If a learner is not present in the examination room by 08:00, he/she will not be allowed to write the paper at 09:35. Learners should thus be at school from 07:20 – 12:00.